kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Genade, ongelykheid en die dobbelsteen

Skriflesing: Matteus 20:1-16

Broodjies vir die pad

DIE HERE HET GASKOMMEL

Lat die wêreld ma' praat pêllie los en vas
'n sigaretjie en 'n kannetjie Oem Tas
en dis allright pêllie dis allright
ons kannie worry nie

'n sigaretjie en 'n kannetjie Oem Tas
en 'n lekker meid en lekker anner dinge
oe!
lat die wêreld ma' praat pêllie los en vas
wat daarvan
wat daarvan
wat maak dit saak
soes die Engelsman sê it cuts no ice
die Here het gaskommel
en die dice het verkeerd geval vi' ons
daai's maar al

so lat hulle ma' sê skollie pêllie
nevermind
daar's mos kinners van Gam en daar's
kinners van Kain
so dis dis allright pêllie dis allright
ons moenie worry nie

Adam Small

(Uit: *Kitaar my Kruis*, HAUM 3e druk, 1975)

"When I was young I asked more of people than they could give: everlasting friendship, endless feeling.
Now I know to ask less of them than they can give: a straightforward companionship. And their feelings, their friendship, their generous actions seem in my eyes to be wholly miraculous: a consequence of grace alone."
— Albert Camus, The First Man

"Grace is not opposed to effort, it is opposed to earning. Earning is an attitude. Effort is an action. Grace, you know, does not just have to do with forgiveness of sins alone."
— Dallas Willard, The Great Omission: Reclaiming Jesus's Essential Teachings on Discipleship

"Who, among Christians today, is a disciple of Jesus, in any substantive sense of the word "disciple"? A disciple is a learner, a student, an apprentice—a practitioner, even if only a beginner. The New Testament literature, which must be allowed to define our terms if we are ever to get our bearings in the Way with Christ, makes this clear."
— Dallas Willard, The Great Omission: Reclaiming Jesus's Essential Teachings on Discipleship

"The Peace of Wild Things

When despair for the world grows in me
and I wake in the night at the least sound
in fear of what my life and my children's lives may be,
I go and lie down where the wood drake
rests in his beauty on the water, and the great heron feeds.
I come into the peace of wild things
who do not tax their lives with forethought
of grief. I come into the presence of still water.
And I feel above me the day-blind stars
waiting with their light. For a time
I rest in the grace of the world, and am free."
— Wendell Berry, The Selected Poems of Wendell Berry

Dis moeilik om te glo aan dit wat onsienlik is

Dana Snyman

In die somer is die Weskus, waar ek al vir meer as tien jaar woon, 'n windverwaaide stuk woestyn, gekamoefleer met renosterbossies en yl graspolle en vetplante.

Maar in April begin jy uitkyk vir tekens van reën. Blom die Maartlelies op die hoogtetjie naby die ou kalkmyn nie dalk nie? Werskaf die miere? Was dit 'n huidjiehu wat jy laasnag hoor roep het, of het jy dit net gedroom?

Die ou Weskussers glo as dit oor die Paasnaweek reën, gaan dit 'n nat winter wees. En hierdie jaar was dit toe ook so.

Die Saterdagoggend, vroeg in April, het die wind uit die noordweste begin waai. Nie te sterk nie, net sterk genoeg om die geil reuk van die eilandjie buite Hospitaalbaai saam land toe te bring. Nou nie meer lank nie, het jy geweet.

'n Weskusreën is nie Eugène Marais se "O die dans van ons Suster!" wat haarself aankondig met donderslae en blitse nie, soos waaraan ek gewoond geraak het toe ek nog in die noorde gewoon het.

'n Weskusreën is 'n skaam reën. Die noordwester sal effens begin stoot, maar eers sal daar nie wolke wees nie. Wanneer jy gaan slaap, hang die sterre wasig oor die see; en dan, iewers in die nag, word jy wakker van 'n fluistering op die stoep se sinkdak.

Jy sal steeds twyfel, tot jy die druppels teen die ruit in die straatlig se skynsel sien blink. Die volgende dag het die son als weer weggebrand, maar in Mei was die reën terug.

Dit het goed gereën, en toe gaan die wêreld aan die bot. Dit is iets om aan gewoond te raak, 'n nat en groen winter.

Anders as in die noorde waar alles doodryp en vaal en dor in die koue raak. Die kweekgras word eerste groen, dan begin jy die geel stippels opmerk: suringblommetjies. Jy begin wonder of die ander blomme ook gaan uitkom.

Dit het wel genoeg gereën, maar sê nou dit, sê nou dat. Om te glo aan dit wat nog onsienlik is, kom nie maklik vir 'n mens nie, al sê die niegelowiges ook wat.

En toe, so 'n week of twee gelede, is die blomme daar. Madeliefies. Wit en oranje en geel. En die vygies met hulle pers. En die bloupypies.

Nie lank nie, toe kom die eerste motors ook, met die besoekers. Om te kom kyk.

Hoekom wil party mense so graag hê die heelal moet op 'n bepaalde dag 6 000 jaar gelede geskep gewees het, wonder ek

soms wanneer ek middae met die honde van my huis af stap, al met die voetpaadjie langs, in Smalbaai se koers.

Alles is baie ouer as wat ons met ons verbeelde sekerhede dit wil hê, wil ek graag glo. Oud en onvoltooid, ook ek. Alles is besig om te word, en die blomme is 'n glimp van dit wat kan wees.

Die kiewiete is ook weer aan die broei naby die uitkykpunt. Ek moet mooi met my twee wolwe praat om hulle nie te jaag nie.

En jy hoor die see. En jy ruik die veld. En net voor sononder kom die ibisse van Paternoster se kant af verby.

Hoe heerlik is die aarde.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/dis-moeilik-om-te-glo-aan-dit-wat-onsienlik-is-20200828

"If I were called upon to state in a few words the essence of everything I was trying to say both as a novelist and as a preacher it would be something like this: Listen to your life. See it for the fathomless mystery that it is. In the boredom and pain of it no less than in the excitement and gladness: touch, taste, smell your way to the holy and hidden heart of it because in the last analysis all moments are key moments, and life itself is grace."
— Frederick Buechner, Now and Then: A Memoir of Vocation

"Above all, trust in the slow work of God.
We are quite naturally impatient in everything
to reach the end without delay.
We should like to skip the intermediate stages.
We are impatient of being on the way to something
unknown, something new.
And yet it is the law of all progress
that it is made by passing through
some stages of instability—
and that it may take a very long time.

And so I think it is with you;
your ideas mature gradually—let them grow,
let them shape themselves, without undue haste.
Don't try to force them on,
as though you could be today what time
(that is to say, grace and circumstances
acting on your own good will)
will make of you tomorrow.

Only God could say what this new spirit
gradually forming within you will be.
Give Our Lord the benefit of believing
that his hand is leading you,
and accept the anxiety of feeling yourself
in suspense and incomplete."
— Pierre Teilhard de Chardin

Brood vir die pad

Om te waag en respekteer soos Fagan en Bizos

Martie Retief-Meiring

Ons wil die wêreld reduseer tot 'n skoolspeelterrein waar bendetjies mekaar uitjou of "kanselleer" of ewige wraak van 'n weerligstraal beloof.

Ons haat die verlede. En ons jol soos waansinniges op die punt van 'n naald. Ons demokrasie is in 'n vryval.

As Gawie Fagan hierdie woorde van my moet hoor, sou hy dalk só geantwoord het: Ons is lui. Te lui om te dink. Te lui om te waag. Te lui om te glo.

En sou George Bizos vir ons maan soos hy vir Winnie Mandela gemaan het: "You are undisciplined. You need training"?

Dit het die dood van hierdie twee manne gekos vir ons om werklik te wonder oor die "wonder van ons menswees". Die een 'n boorling, die ander 'n vlugteling in 'n komplekse, benoude en onregverdige land.

Om te dink aan hul lewens en hul bydrae is om skaam te word vir die vlak van ons denke, verwagtinge en beskuldigings.

Ek het Gawie goed geken; vir Bizos net by hofsake gesien. Nie een was 'n hierjy-aantrekker of bywoner van gala-aande nie. Al twee was te betrokke by die lewe en die uitdagings van die lewe om stil te bly en die knie te buig voor ongeregtigheid en veral valsheid. 'n Argitek en 'n regsgeleerde klink soos 'n spanning tussen die waagmoedige en die behoedsame.

Tog het hierdie twee manne (ek weet nie of hulle mekaar geken het nie) vir die meeste van hul meer as 90 lewensjare die Suid-Afrikaanse toneel beïnvloed.

Fagan, wat Sondagaand op 94 dood is, het rustig gesterf, met sy ewe merkwaardige vrou, Gwen, steeds by hom.

Miskien wou hy tog daardie laaste geboue waaraan hy (en Gwen) gewerk het, sien opgaan. Maar die geboue sal opgaan en soos al sy werk sal dit sekerlik getuig van Fagan as die Renaissance-man in ons argitektuur, waarderend vir die oue en gretig vir die nuwe, respekterend van die imposante sowel as die nederige.

Hy en Gwen, sy medikus-landskapsargitek-vrou, kry hul kinders, begin 'n klein boerdery op 'n plot, hulle plant en teël en bou. Hy vlieg sy eie vliegtuig. Hy word 'n seevaartheld. Sy word die gedugste argitektuurhistoriese navorser.

Hulle klim elke dag in Kaapstad die steil, smal trappe in die lieflike ou gebou in Breestraat na hul werkplekke. Hulle gaan eet middagete in die Waterfront – hier was die Fagans baie betrokke.

Hy was gelukkig voor sy klavier – jazz en improvisasies. Sy met haar plante, rose, tuinerye, navorsing. Hul woning, Die Es, in Kampsbaai, word wêreldwyd as argitektoniese prestasie aangeslaan. Daar het hy soggens Die Burger met 'n potlood gelees – foute en feite onderstreep.

Bizos was bekend vir sy stedelike groentetuin. Hy skoffel en laat rank, gee groente-presente. Hy is 'n gebore Griek. Hy eer demokrasie. Hy veg teen 'n vernietigende apartheid.

As daar sulke mense soos Fagan en Bizos was, moet daar tog vandag nog Fagans en Bizosse wees?

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/om-te-waag-en-respekteer-soos-fagan-en-bizos-20200916

"Give us grace and strength to forbear and to persevere. Give us courage and gaiety, and the quiet mind. Spare to us our friends, soften to us our enemies. Bless us, if it may be, in all our innocent endeavours. If it may not, give us the strength to encounter that which is to come, that we may be brave in peril, constant in tribulation, temparate in wrath, and in all changes of fortune, and down to the gates of death, loyal and loving to one another."
— Robert Louis Stevenson

---

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877